

# Ramadaan gebedsfokus



**18 Junie – 17 Julie 2015**

---

Donderdag 18 Junie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 1: 'n Onverwagte ommeswaai**

Sedert die Arabiese Profeet, Mohammed, in die jaar 622, sy godsies begin het, is tientalle miljoene Christene ingesleep in die "Huis van Islam", wat vandag meer as 1,6 miljard sterk staan. Op die oomblik vermeerder die aantal Moslems wat tot geloof in die Here Jesus kom vinnig. Baie praktiseer hulle geloof in die geheim, maar baie bely openlik dat hulle volgelinge van Jesus is. Prys die Here vir hierdie getuienisse!

**Hoe kan ons bid?**

♥ Bid dat die Gees van God sal voortgaan om deur die Moslem-wêreld te waai en Islam se miljoene sal lei tot 'n bewustheid van hulle behoefte aan verlossing en dat hulle sal verstaan dat hulle dit in Christus alleen kan vind. ♥ Dank die Here vir die impak van visioene en drome, sowel as Jesus wat self aan Moslems verskyn om hulle na Hom toe te trek. *En as Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek.* (Johannes 12:32).

🔊 **Proklameer!** Hoë en verhewe God wat ewig leef en wie se Naam die Heilige is, ons verklaar die woorde uit U eie mond: *"Ek woon in 'n hoë en heilige plek en Ek is by hom wat verdruk en nederig is. Ek gee nuwe krag aan die nederiges, Ek gee nuwe krag aan die verdruktes. Ek slaan ag op die mens in nood, op dié een wat berou het oor sy sonde, wat ontsag het vir my woord."* (Jesaja 57:15; Jesaja 66:2).

---

Vrydag 19 Junie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 2: Afghanistan**

Om Christus met Moslems te deel, hou 'n groot risiko in. Een man vertel: "Ek het een van ons jong gelowiges ontmoet deur 'n sosiale media webruimte. Ek was huiverig om hom persoonlik te gaan ontmoet, maar ek het per ongeluk vir hom my selfoonnommer gestuur. Daarna het hy dag en nag gebel en gevra om my te ontmoet en eksemplare van die Nuwe Testament gevra. Uiteindelik het ek na sy deel van die stad gery en vir my vriend gesê: "As jy nie binne 10 minute van my hoor nie, vat die kar en almal van julle moet dadelik uit die stad padgee." Ek kon vir die jongman twee Nuwe Testamente gee en hy was ontsaglik bly en dankbaar. Hy het na Jesus gesoek en kon niemand in die stad vind waar hy gewoon het nie.

**Hoe kan ons bid?**

♥ Bid vir mense in Afghanistan wat 'n behoefte het om meer van Jesus te verstaan en dat deure sal oopgaan vir hulle om inligting oor Hom in die hande te kry. ♥ Bid vir vrede in die land en vir vryheid om die Here te volg en te aanbid. ♥ Bid vir die veiligheid en bemoediging van die geheime gelowiges.

📣 **Proklameer!** Heilige Vader, op grond van U Woord verklaar ons dat dit goed sal gaan met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. (Psalm 1: 1-2).

---

Saterdag 20 Junie 2015

**Ramadaan gebesfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 3: Nege 'Kamers' in die Huis van Islam**

Die 8ste eeu Moslem-regseleerde, Abu Hanifa (AD 699-767), het die wêreld in twee huise verdeel: Die Huis van Islam (Dar al-Islam, in Arabies) en die Huis van Oorlog (Dar al-Harb). Die Huis van Islam verwys na daardie nasies waar Islam dominant is en die Islamitiese wet die bevolking aan Islam onderwerp. Die Huis van Oorlog bestaan uit die lande waar Islam in die minderheid is, waar Islam nog nie dominant is nie. Die Huis van Islam, met sy 1,6 miljard aanhangers, is alles behalwe verenig. Moslems in Wes-Afrika se kulturele, linguïstiese en wêreldbeskouings verskil bv. grootliks van dié van Iran of Bangladesj of Indonesië.

**Hoe kan ons bid?**

♥ Bid by name vandag vir die Huis van Islam wat geografies in nege duidelike streke of "Kamers in die Huis van Islam" verdeel is. Hulle is (1) Wes-Afrika, (2) Noord-Afrika, (3) Oos-Afrika, (4) die Arabiese Wêreld, (5) die Persiese Wêreld, (6) Turkestan, (7) Westelike Suid-Asië, (8) Oostelike Suid-Asië en (9) Indo-Maleisië. ♥ Vra dat elke individu sal honger en dors na 'n diep ontmoeting met die lewende God deur Jesus Christus.

📣 **Proklameer!** God van vrede, ons verklaar U belofte dat U self ons toegewyd sal maak en ons geheel en al, na gees, siel en liggaam, so sal bewaar dat ons onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom! U is getrou en sal dit ook doen. (1 Tessalonisense 5:23-24).

---

Sondag 21 Junie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 4: Die Universiteit van Dhaka, Bangladesj**

Die Univeristeit van Dhaka (DU) is die oudste en grootste universiteit in Bangladesj. Die Dhaka Universiteit was 'n betekenisvolle bydraer tot die moderne geskiedenis van Bangladesj. Dosente is nie die enigste onderwysers in hierdie klasse nie. Gelowiges van ander godsdienste word ook uitgenooi om hier te onderrig. Dit bied die geleentheid vir Christene, 'n klein gemeenskappie van 0,5%, om bekend te word in die gemeenskap van Bangladesj. Hulle mag die hele evangelie verduidelik en verhaale oor Jesus Christus vertel. Bykans 300 studente het die geleentheid om dele uit die Bybel te lees en elke jaar iets oor die Goeie Nuus te leer!

**Hoe kan ons bid?**

♥ Bid dat die Wêreld Godsdiens en Kulturele Departement sal voortgaan om Christelike getuieis toe te laat. ♥ Bid dat studente se harte en verstand oop en ontvanklik sal wees vir die waarheid van

Jesus Christus. ♥ Vra dat Christen-dosente en -professore met groot outoriteit oor Jesus sal kan praat.

📣 **Proklameer!** Here God van die hemelse leërskaare; ons verklaar verlossing en vrymaking vir al die nasies; dat God die Vader ons uit die mag van die duisternis weggeruk het en ons onder die heerskappy gestel het van Sy Seun wat Hy liefhet, in Wie ons verlossing het deur Sy bloed en ook die vergewing van ons sondes. (Kolossense 1:9–14).

---

Maandag 22 Junie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 5: Wes-Afrika: 'n Verhaal van twee oseane**

Wes-Afrika is 'n verhaal van twee oseane: Die Atlantiese in die weste en die groot Sahara-woestyn in die noorde wat saam 'n tuiste bied aan 300 miljoen inwoners. Die Christendom het oor die afgelope eeu vinnig gegroei in Wes-Afrika. Moslems in die dorre binneland het beleef hoe 'n desperate oorbevolkte Islam stelselmatig verarm - dit het o.a. aanleiding gegee tot die ontstaan van militantes.

**Hoe kan ons bid?**

♥ Bid dat die tientalle opkomende Islamitiese (radikale) bewegings in Wes-Afrika Jesus sal leer ken en hulle tot Hom sal bekeer. ♥ Bid dat die Here die Moslems wat na Jesus toe kom, sal beskerm teen die aanvalle van Islamitiese militante groepe.

📣 **Proklameer!** Vader God in die hemel, ons verklaar oor Christene in lande waar Christene vervolgd word, dat hulle vervul mag word met die kennis van U wil in alle wysheid en geestelike insig, sodat hulle waardig voor U, Here, mag wandel om U in alles te behaag en hulle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei, en met alle krag bekragtig sal word volgens die mag van U heerlijkheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap. (Kolossense 1:9-11 AOV).

---

Dinsdag 23 Junie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 6: Die mense van Noord-Mali**

Die noorde van Mali is bekend vir die Tuareg wat met hulle blou klere op kamele ry. Die Songhai is minder bekend en woon langs die Niger-rivier in die noordooste van Mali. Die Songhai was een van die grootste Islamitiese ryke in die geskiedenis en hierdie gebied is steeds grootliks onbereikbaar deur die evangelie. Ongeveer 99% is Moslems en daar is baie min Christene. Die Nuwe Testament is nou al 'n paar jaar beskikbaar in Tamasheq en die Nuwe Testament in Songhai is in Januarie 2015 beskikbaar gestel en toegewy aan die bevolking. Die Woord van God in hierdie tale is een van die sleutels tot die harte van die mense.

**Hoe kan ons bid?**

♥ Bid dat vrede sal kom in die voortslepende konflik in die streek. ♥ Vra vir geleentheid dat meer mense in Noord-Mali die boodskap van Jesus Christus sal verstaan. ♥ Vra ook vir meer Christen-

werkers wat die liefde van Jesus in hierdie gebied kan demonstreer. ♥ Bid ook vir die spoedige voltooiing van die Bybel in Songhai en Tamasheq.

🔊 **Proklameer!** Jesus, Here van verlossing, ons verklaar dat hierdie mense U sal leer ken en aanbid as ware aanbidders wat die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid dit so moet doen. *God is Gees en dié wat Hom aanbid moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.* (Johannes 4:23-24).

---

Woensdag 24 Junie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 7: Noord-Afrika – Die Geloof van ons vaders**

Sommige van die kerk se grootste kerkvaders en kerkmoeders van geloof soos Augustinus, Tertillius, Siprius, ook Perpetua en Felicitas, het uit Noord-Afrika gekom en generasies van Christene geïnspireer en geleer. Vandag maak 99% van die bevolking wat strek vanaf Mauritanië tot Libië egter daarop aanspraak dat hulle Moslems is. Duisende Berbers kom egter terug na Christus toe. Een gelowige uit 'n Moslem-agtergrond wat Christus nou volg, bely: "Ons voorvaders was volgelinge van Christus. Augustinus was 'n Berber soos ons. Ons keer nou net weer terug na die geloof van ons vaders."

**Hoe kan ons bid?**

♥ Prys die Here vir antwoorde op gebed. ♥ Prys Sy Naam vir duisende wat in Sy koninkryk inkom. ♥ Bid dat satelliet-televisie en radiobedieninge sal voortgaan om miljoene vir die Here Jesus te bereik. ♥ Bid ook dat Christen-gesinne wat hulle kinders wil grootmaak as gelowiges te midde van sterk opposisie sal volhard om dit te doen.

🔊 **Proklameer!** Vader, ons proklameer vir Christene in Moslem-lande: Bid dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dat julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam sal wees en dat julle deur Jesus Christus geheel en al in die regte verhouding met God sal wees tot Sy lof en eer. (Filippense 1:9-11).

---

Donderdag 25 Junie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 8: Tsjad – Geleentheid in die hart van Afrika**

Abdallah se vader is die Imam van hulle dorp. Sy baie kinders en hulle opvoeding is vir hom belangrik, maar openbare skole in die gebied voldoen nie aan sy standarde nie. Daarom het hy 'n Christen-werker gevra om 'n skool vir sy kinders te kom oopmaak. Abdallah het dit ook geniet om na die Bybelverhale te luister wat die onderwyser elke oggend vir die kinders vertel het. Die katastrofiese situasie van Tsjad se openbare opvoedkunde sisteem het daartoe gelei dat Moslems dwarsdeur die land Christen-skole vir hulle kinders begin soek het! Dit is 'n wye oop deur om Moslems met die evangelie te bereik.

## Hoe kan ons bid?

♥ Prys die Here vir die guns wat Christene het om hulle geloof te deel en Moslem-kindere op te voed. ♥ Vra vir baie meer geleenthede en dat duisende kindere na die Here Jesus sal kom. ♥ Vra dat onderwysers wysheid en moed aan die dag sal lê wanneer hulle die boodskap van Christus deel en demonstreer en dat nuwe gelowiges geestelik sal groei en self ook baie na die Here Jesus sal lei.

📣 **Proklameer!** Jesus, ons verklaar oor diegene wat in vrees vir die vyand lewe: *Wie die Here dien, se lewe is veilig; so 'n mens slaap rustig, geen ramp tref hom nie.* (Spreuke 19:23).

---

Vrydag 26 Junie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 9: Oos-Afrika – 'n Masedoniese oproep**

Wes-Afrika is net soos die mense van Oos-Afrika baie lank uitgebuit deur beide Moslem- en Christen-indringers. Christen-groepe is generasies lank ingesleep by konflikte onder die streek se 78 miljoen Moslem inwoners. In die afgelope jare is daar egter 'n verandering omdat talle histories-Islamitiese mensegroepe positief reageer op die realiteit van 'n nuwe lewe en 'n persoonlike verhouding met God deur Jesus Christus. Dit is iets wat hulle Islamitiese geloof hulle nie kon bied nie.

## Hoe kan ons bid?

♥ Prys die Here vir baie nuwe Jesus-volgelinge uit Islam. ♥ Bid dat meer van die miljoene Christene in Oos-Afrika op hulle Masedoniese oproep sal reageer om met hulle Moslem-bure Christus se gawe van vegifnis en verlossing te deel. ♥ Bid dat Moslems in die oorlogverskeurde Somalië en naburige lande vrede en vryheid in die evangelie van Jesus Christus sal vind. ♥ Vra die Here se beskerming oor die opkomende bewegings van Moslems wat na Christus toe kom in die streek.

📣 **Proklameer!** Vader ons verklaar aan Christene in Moslem-lande: *Wie die Here dien het daarin 'n veilige toevlug en ook sy kindere vind daar skuiling. Wie die Here dien, vind daarin 'n bron van lewe; dit laat jou die strikke van die dood ontkom.* (Spreuke 14:26-27).

---

Saterdag 27 Junie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 10: Die Wardei van Oos-Afrika**

Die beraamde bevolking van die Wardei van die Tana Delta-streek in Kenia is 53 000. Daar is min inligting oor hulle beskikbaar omdat hulle so geïsoleerd van ander mensegroepe leef. Hulle is Moslems. Die kou van miraa (of khat, 'n plant wat reageer soos 'n dwelm) is baie algemeen onder mans en vernietig baie lewens. Met Kenia se onafhanklikheid het die Wardei teruggekeer uit Somalië na Kenia.

### Hoe kan ons bid?

♥ Bid dat die Wardei Jesus Christus sal vind as die enigste ware Herder in hulle weivelde. ♥ Bid vir verlossing vir diegene wat Khat kou en dat hulle in staat sal wees om hulle plek as vaders in hulle huise in te neem. ♥ Vra dat ander gelowiges maniere sal vind om onder hulle in te beweeg en dat hulle effektiewe metodes sal vind om die evangelie van Jesus Christus met hulle te deel.

🔊 **Proklameer!** Here in U Naam proklameer ons oor die nasies: *Weerhou julle tonge van kwaadpraat en julle lippe van leuens. Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, soek vrede en jaag dit na!* (Psalm 34:13-14).

---

Sondag 28 Junie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

### Dag 11: Die Arabiese wêreld

Die Arabiese wêreld is die sentrale 'kamer' in die Huis van Islam. Vandag strek die Arabiese Liga en taal oor 22 lidlande en is dit die vyfde grootste taalgroep in die wêreld. Satelliet TV en radioprogramme asook die getuienis van beide sendelinge en gevestigde Christene stel die Arabiese Moslems in staat om die boodskap van die evangelie te hoor. Deur die werking van die Heilige Gees het baie Arabiese Moslems 'n diep begeerte na 'n Verlosser wat hulle sal liefhê en vir hulle sal omgee.

### Hoe kan ons bid?

♥ Prys die Here vir elke hart wat na Jesus toe draai! ♥ Vra dat baie meer mense die geleentheid sal kry om die Bybel te lees en na God sal terugkeer soos hulle voorvaders. ♥ Bid vir die beskerming van nuwe Arabiese Christene uit 'n Moslem-agtergrond teen die vervolging waarvoor hulle te staan kom omdat hulle Christus volg. ♥ Bid dat die miljoene Arabiese Moslems wat nog nie die goeie nuus van Jesus Christus gehoor het nie, dit spoedig sal hoor.

🔊 **Proklameer!** Here, ons verklaar dat om die Here te dien, wysheid is, en om die kwaad te vermy, insig. (Job 28:28).

---

Maandag 29 Junie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

### Dag 12: Egipte – Die Leier van die ondergrondse kerk vertel

In Januarie 2014 het Egipte 'n nuwe grondwet aanvaar. Artikel 1 verklaar dat Egipte 'n Islamitiese Staat is en in Artikel 2 word Islam bevestig as die godsdienst van die Staat en Sjaria wette (Islamitiese wet) die "bron van wetgewing" vir die land. Alhoewel die grondwet die reg van godsdienstige minderheidsgroepe (Christene, Jode) beskerm wat beter is as vroeëre konstitusies in Egipte, is daar geen volkome vryheid van godsdienst nie. Dit word bv. as onwettig beskou om van godsdienst te verander.

### Hoe kan ons bid?

♥ Bid dat die gesinne en families van nuwe bekeerlinge in Egipte ook vir Christus sal leer ken. ♥ Bid dat meer huiskerke gestig sal word deur Moslem-gesinne wat besluit het om Jesus te volg. ♥ Bid dat die Here Egiptiese gelowiges sal bemoedig om sterk te staan en dat Hy aan hulle woorde van wysheid sal gee om hulle bure te bereik.

📣 **Proklameer!** Vader, aan U behoort alle outoriteit. Ons verklaar oor lande met 'n Moslem-meerderheid dat die magte van die bose nie die oorhand sal kry oor julle mense nie en hulle vernietigende planne met siele nie oorwin nie. Die septer van goddeloosheid sal nie rus op die erfdeel van die regverdiges nie. (Psalm 125:3 AOV).

---

Dinsdag 30 Junie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

### Dag 13: Die Persiese wêreld

Sedert die Ajatolla se magsoorname (1979) het honderde Iranese na ander lande gevlug. Orals waar hulle gegaan het, het nuwe huiskerke van Iranese gelowiges uit 'n Moslem-agtergrond ontstaan. Hulle het vertel dat hulle die pad van radikale Islam verwerp het vir die Weg van Jesus. Dit het baie tot die gevolgtrekking laat kom dat die Ajatolla Komeini die grootste "evangelis" vir die Christendom in die geskiedenis van Iran was. Dit was sy heerskappy wat aan Moslems 'n gesig van Islam gewys het wat hulle verwerp het en die gevolg was dat hulle na 'n God gesoek het wat hulle kon liefhê. Oor die afgelope drie dekades het God ons Vader die mens se bose bedoelings gebruik om vir Hom te werk! In 2003 is 'n moderne Farsi-vertaling van die Nuwe Testament gepubliseer en nou is daar 'n miljoen eksemplare gedruk wat of reeds in die hande van Farsi-sprekende Moslems is of oppad na hulle toe. Duisende Iranese luister getrou na satelliet-televisie en radiobedieninge binne die land en dit het tot gevolg dat talle nuwe ondergrondse huiskerke geplant word. Op die oomblik het Iran die vinnigste groeiende kerk in die wêreld: 19,6% per jaar.

### Hoe kan ons bid?

♥ Prys die Here vir oop deure en harte om vir Jesus Christus aan te neem. ♥ Bid dat Iranese leiers self die Here sal vind en hulle mense sal lei om die ewige lewe in Jesus Christus te vind. ♥ Bid vir die duisende Perse wat tot geloof in Christus kom. ♥ Bid dat hulle geestelik sal groei in gebed en in die Woord.

📣 **Proklameer!** Vader ons spreek verlossing oor die nasies. Ons verklaar: die raad van die HERE bestaan vir ewig, die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag. (Psalm 33:11).

---

Woensdag 1 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

### Dag 14: Die Oesbeek van Suid-Kirgistan

Daar is ongeveer 800 000 Oesbek-sprekendes in Suidelike Kirgistan. Oor die afgelope dekade was daar 'n styging in Kirgise nasionalisme wat dit moeilik gemaak het vir die Oesbek-sprekende



minderhede. Byna alle Oesbek-sprekendes beskou hulleself as Moslems, maar onlangs het die invloed van Islam gegroei saam met 'n toename in fundamentalisme. Op die oog af vind meer mense hulle identiteit in Islam, maar daar is sommige wat God opreg soek.

### Hoe kan ons bid?

♥ Bid dat diegene wat geestelik soekend is die Here Jesus sal vind deur kontak met Christene, deur tekens en wonders en deur die Woord van God. ♥ Bid dat nie net individue nie, maar ook gesinne en hele stamme in die koninkryk sal inkom. ♥ Bid vir geregtigheid en hoop vir die Oesbek-sprekende minderhede in Suidelike Kirgistan.

📣 **Proklameer!** Vader ons verklaar dat U die mag het om die raad van die nasies te vernietig. U verrydel die gedagtes van die volke. U heers vir ewig! (Psalm 33:10).

---

Donderdag 2 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

### Dag 15: Turkestan

Turkestan is die land van 200 miljoen Turke bestaande uit 227 Turkse mensegroepe in 15 lande. Die meer prominente Turkse groepe is die Uighurs van Xinjiang, China; die Kazaks, Kirgis, Oesbeks, Turkmene, Azeris en Tartare van die vroeëre Sowjet-Unie, en natuurlik die 75 miljoen Turke van Turkye. Turkse gelowiges kom byeen in ondergrondse aanbiddingsgroepe en deel stil-stil die liefde en krag van die evangelie met ander. Wanneer 'n mens vra wat dit was wat die Here gebruik het om hulle tot geloof in Jesus Christus te bring, noem hulle spesifiek die rol van drome, die belangrikheid van die Nuwe Testament in hulle eie taal en die JESUS Film.

### Hoe kan ons bid?

♥ Bid vir die vervolgte gelowiges uit 'n Moslem-agtergrond en die kerke in Turkestan. ♥ Vra dat die huidige onderdrukking van Christelike sendings aan Turkestan daartoe sal lei dat Turkestani gelowiges uit 'n Moslem-agtergrond self meer openlik sal evangeliseer. ♥ Bid vir die duisende Turkestani dorpie wat geen evangeliese getuie is van enige aard het nie. ♥ Bid dat hulle Jesus deur drome, visioene en die JESUS Film sal ontmoet.

📣 **Proklameer!** Here ons God, ons verklaar aan al die inwoners van die wêreld: *Laat die hele aarde die HERE vrees; laat al die bewoners van die wêreld vir Hom ontsag hê want Hy het gespreek en dit was; Hy het gebied en dit staan.* Buig voor Hom alleen! (Psalm 33:8-9).

---

Vrydag 3 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

### Dag 16: Bosnië-Herzegowina

Die Moslems van die oorloggeteisterde Bosnië-Herzegowina het 'n desperate behoefte om Jesus, die Prins van Vrede te ontmoet. Dit is vir die kerke moeilik om enige tipe kruis-simbool te gebruik in die

Moslem-gebiede van Bosnië-Herzegowina omdat dit deur Moslems gesien word as 'n simbool van oorheersing.

### Hoe kan ons bid?

♥ Bid dat Christene in Bosnië-Herzegowina in staat sal wees om kragtige getuies te wees van die evangelie van genade wat in Jesus alleen gevind kan word. ♥ Vra dat jong Bosniese Moslems sal honger en dors na God en dat hulle beskerm sal word teen ekstremisme. ♥ Bid ook dat 'n diep begeerte vir versoening hierdie land sal dring om na Jesus te kom, die Een in wie daar geen Jood, Griek, Kroaat, Serwiër, Bosniër, Moslem, Ortodokse of Katoliek is nie.

🔊 **Proklameer!** Vader van ons Here Jesus Christus, ons verklaar oor alle Moslems dat U die enigste God in die hemel is. U heers uit die hemel oor al die koninkryke van die nasies. Uit U hand kom die mag en die krag. Niemand kan teen U standhou nie! (2 Kronieke 20:6).

---

Saterdag 4 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

### Dag 17: Westelike Suid-Asië

In Westelike Suid-Asië oorvleuel die grense van kompeterende Hindoe, Turkse, Persiese en Dravidiese beskawings wat konflik oor baie generasies heen veroorsaak het tussen die streek se 315 miljoen Moslems in 186 verskillende mensegroepe.

### Hoe kan ons bid?

♥ Mans beskou vrouens nie as mense nie en kan van hulle ontslae raak as hulle hulle nie meer wil hê nie. ♥ Bid dat die Here die waardigheid van die vrou sal herstel en dat hulle hulle identiteit in Christus sal vind. ♥ Bid vir 'n einde aan die oorlog, konflik, moord en ongeregtigheid in Westelike Suid-Asië. ♥ Bid asseblief dat elke persoon wat in die gebied woon 'n persoonlike ontmoeting met Here Jesus sal hê, dat hulle hul lewens aan Hom sal oorgee en hulle weë sal verander. ♥ Bid vir voortgesette groei in Christus-gelykvormigheid by die nuwe gelowiges in Westelike Suid-Asië. ♥ Vra dat deur die kragtige werking van die Heilige Gees nuwe bewegings van Moslems wat na Jesus toe kom, gebore sal word.

🔊 **Proklameer!** Here, ons verklaar teenoor die vyand van ons siele dat dit niks is vir ons God om ons te help nie, of ons nou sterk of swak is. Ons steun op ons God en in Sy Naam alleen staan ons op teen die menigte van ons vyande. U is ons God, laat geen mens naas U magtig wees nie. (2 Kronieke 14:11).

---

Sondag 5 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

### Dag 18: Marathi-sprekende Shaikhs

Daar is oor die 200 miljoen Shaikh Moslems in die wêreld en meer as 'n derde van hulle woon in Indië. Die totale beraamde bevolking van Marathi-sprekende Shaikhs is 2,5 miljoen. Daar is geen

Bybel of soortgelyke literatuur in die dialek van die Marathi nie. 'n Tradisionele Marathi Bybel is egter wyd beskikbaar. Baie praat ook Urdu of Hindi en Bybels en die JESUS Film is beskikbaar in hierdie tale.

### Hoe kan ons bid?

♥ Bid dat die Marathi-sprekende Shaikh-boere wat die evangelie hoor dit sal verstaan en glo. ♥ Vra dat nuwe gelowiges geanker sal word in die Woord en daaglik in geloof, liefde en gehoorsaamheid aan God sal groei. ♥ Bid vir kreatiewe maniere vir die bereiking van ongeletterdes. ♥ Bid dat die Here die nodige hulpmiddels sal verskaf (oudio-Skrif, stories, ens.) sowel as kanale vir massa verspreiding van Christelike materiaal.

📣 **Proklameer!** Here, God van die hemel, ons verklaar dat U heerskappy 'n ewige heerskappy is en U koninkryk bestaan oor al die geslagte heen. Niemand kan U hand weerhou en vir U sê: 'Wat doen U' nie. (Daniël 4:34-35).

---

Maandag 6 Julie 2015

### **Invloedryke Moslem-leiers: Sjeik Ahamad Muhammad Al-Tayyeb van Egipte**

Sjeik Ahamad Muhammad Al-Tayyeb is die Hoof Sjeik van die Al-Azhar Universiteit in Kaïro, die tweede oudste universiteit in die wêreld. Die universiteit word beskou as die mees prominente Islamitiese opvoedkundige instelling en die vernaamste sentrum van kennis oor Soennie Moslems wêreldwyd. Sheikh Ahamad is ook die Hoof Imam van die Al-Azhar-moskee. Bid vir die bekering van hierdie baie invloedryke man en vir elkeen van die 2 miljoen studente by die 72 voedingskole van Al-Azhar Universiteit asook vir die byna 300 000 studente wat op die kampus studeer. Bid dat hulle sal begin vrae vra oor hulle geloof en dat Christene hulle paaie sal kruis en Jesus se liefde en passie met hulle sal deel.

<http://incontextministries.org/images/08roleplayersfinal.pdf>

**Verklaar oor hom:** *Die wil van die koning staan onder die gesag van die Here; soos 'n stroom water lei Hy dit soos Hy verkies.* (Spreekw. 21:1).

### **Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

#### **Dag 19: Oostelike Suid-Asië**

Oostelike Suid-Asië het meer as 800 miljoen inwoners waarvan byna 250 miljoen Moslems is. Die Oostelike Suid-Asiese Moslem gemeenskap sentreer rondom die Bengalese van Bangladesj en die Indiese staat, Wes-Bengale, maar dit sluit ook 64 ander mensegroepe in die streek in. Die Musulmani van Bengale se Gemeenskaplike Taalbybel in Oostelike Suid-Asië is in die jaar 2000 voltooi. Met die publikasie van die Musulmani Bengale Bybel, lees baie Moslems in Oostelike Suid-Asië vir die eerste keer die Bybel self en verstaan vir die eerste keer dat die God van die Bybel nie 'n Hindoe godheid is nie, maar eerder die Een wat die hemele en die aarde geskape het en hulle lief genoeg het om sy eie Seun as 'n offer te gee om hulle van hulle sondes te verlos.

## Hoe kan ons bid?

♥ Bid dat meer en meer Moslems in Oostelike Suid-Asië die God van die Bybel sal ontmoet deur nuwe vertalings. ♥ Vra vir liefde en harmonie tussen Christene wat uit 'n nie-Moslem-agtergrond kom en hulle van 'n Moslem-agtergrond. ♥ Bid vir die miljoene Moslems in Oostelike Suid-Asië wat nog nooit die evangelie van Jesus Christus gehoor het nie.

📣 **Proklameer!** As Christene proklameer ons: *Mag die Naam van God altyd geprys word, Hy aan wie die wysheid en die mag behoort, U wat tye en omstandighede verander, wat konings afsit en konings aanstel, wat aan die wyse manne die wysheid gee en verstand aan dié wat insig het, wat ondeurgrondelike en verborge dinge openbaar en wat weet wat in die duisternis is; by U is die lig.* (Daniel 2:20-22).

---

Dinsdag 7 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

### Dag 20: Kanpur in Indië

Met 'n bevolking van byna vier miljoen is Kanpur die grootste stad in die staat Uttar Pradesj (UP). Hindoeïsme is die mees prominente godsdiens in die stad, maar rondom 20% van die bevolking is Moslems, die meeste van hulle arm en ongeletterd. In 2001 het die sloping van Buddha-standbeelde in Afghanistan en die gevolglike verbranding van die Qur'an in Delhi deur die Hindoes onluste ontketen in Kanpur wat reeds bekend was vir baie konflik tussen godsdiensgroepe. Die Studente Islamitiese Beweging van Indië het ook deelgeneem.

## Hoe kan ons bid?

♥ God wil genadig wees en vrede herstel in Kanpur. ♥ Bid vir begrip en respek tussen godsdiensgroepe. ♥ Bid dat God se liefde en medelye gedemonstreer sal word deur die paar Christene wat in Kanpur woon, vir die groei van die kerk en dat mense die reddende liefde van God ons Vader sal beleef. ♥ Vra vir die Here meer werkers vir Kanpur om die boodskap van die Prins van Vrede aan hulle te bring.

📣 **Proklameer!** Vader, ons neem ons wapens op vir die stryd, wapens wat nie van die mens is nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak. (2 Korintiërs 10:4-5).

---

Woensdag 8 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

### Dag 21: Indo-Maleisië

Die Indo-Maleisiese Kamer in die Huis van Islam huisves meer as 200 miljoen Moslems in 'n streek met byna 290 miljoen inwoners. Na 1965 is alle Indonesiërs gedwing om hulle betokkenheid by een van die land se vyf aanvaarde godsdiensdienste te verklaar: Islam, Hindoeïsme, Buddhisme, Katolisisme of Protestantisme. In 'n bloedbad wat van deur tot deur plaasgevind het teen enige persoon wat óf nie

verklaar het dat hulle Moslems is nie óf onder verdenking was, het Moslems 'n aanslag op hulle eie landsburgers geloods en 500 000 mans, vrouens en kinders doodgemaak. Afgestoot deur dié wreedheid het ongeveer 2,8 miljoen Moslems by die Christendom aangesluit wat bekend staan as miskien die grootste bekering van Moslems tot Christus in die geskiedenis. Vandag gaan die groei van die kerk in Indonesië voort. In die Indo-Maleisiese Kamer hoor meer en meer Moslems die evangelie van Jesus Christus vandag in hulle moedertale en reageer hulle op die liefde van Jesus Christus.

### Hoe kan ons bid?

♥ Prys die Here dat Hy harte van mense na Jesus Christus laat draai! ♥ Bid dat die lig van die evangelie sal voortgaan om in elke hoekie van die Indo-Maleisiese "kamer" te skyn. ♥ Bid vir Moslems wat tot geloof in Jesus kom omdat hulle vervolgd word a.g.v. hulle openlike getuigenis vir Jesus Christus. ♥ Bid vir Christene en sendelinge wat moedig en kreatief volhard om die streek se 282 Moslem-mensegroepe te bereik.

📣 **Proklameer!** Vader in die hemel, ons verklaar: ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug (Efesiërs 6:12.) U is die Oorwinnaar in elke stryd. (Ps.24 :7)

---

Donderdag 9 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

### Dag 22: Pattani Maleiers van Thailand

Anders as die meerderheid van die bevolking van Thailand wat Boeddhisties is, is die Pattani Maleiermensegroep 'n gemeenskap van toegewyde Moslems wat in die suide van Thailand woon. Hulle is van Maleisiese afkoms en daar is ongeveer 3,5 miljoen Pattani Maleiers. Deur al die veranderinge en krisisse wat die Pattani Maleiers onlangs beleef het, het Islam onveranderd gebly. Hulle hou nougeset by Islamitiese wette, of Sjaria, wat onderig word in die tradisionele skole wat *pondoks* genoem word.

### Hoe kan ons bid?

♥ Bid vir die ontwikkeling van bekostigbare opvoedkundige geleenthede wat die kringloop van armoede vir die Pattani Maleiers sal breek. ♥ Vra dat meer Pattani Maleiers sal leer lees en die evangelie van Jesus Christus se veranderende krag sal leer ken. ♥ Vra dat die Heilige Gees wysheid en guns sal gee aan die sendinggenootskappe en -werkers wat op hierdie mensegroep fokus.

📣 **Proklameer!** Vader, ons verklaar oor die hele aarde is daar geen God soos ons God nie. Die ewige God is 'n skuilplek, sy arms is altyd onder jou. Hy verdryf die vyand voor jou uit, Hy beveel: 'Roei uit!' (Deuteronomium 33:27).

---

Vrydag 10 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 23: Riglyne oor hoe om die Moslem-wêreld met die evangelie te bereik (deel een)**

'n Opname van meer as 'n duisend gelowiges uit 'n Moslem-agtergrond in die bewegings na Christus dwarsdeur die 9 hoofstreke waar ons groot groepe Moslems vind, is die vraag gevra: "Wat het God gebruik om jou tot geloof in Jesus Christus te bring? Vertel ons jou verhaal." Hulle antwoorde het unieke insigte openbaar. Ons kyk vandag na vyf maniere wat gebruik kan word om die Moslem-wêreld met die evangelie te bereik. **(1) Geloof:** *En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag.* (Hebreërs 11:6 AOV). Dit was deur geloof dat vroeëre generasies van Christen-sendelinge die Huis van Islam binnegegaan het om die evangelie te verkondig en met sterk weerstand begroet is.

**(2) Gebed:** Oor die verloop van bykans 14 eeue, vanaf die begin van Islam, was daar slegs 82 gedokumenteerde Moslem-bewegings na Christus toe. ('n Beweging in hierdie konteks verwys na 1 000 gedoopte bekeerlinge óf 100 kerke wat oor 10 jaar geplant is). Van die 82, het 69 (84%) die afgelope twee dekades plaasgevind. Die eenvoudige gebedsgids: 30 Dae van Gebed vir die Moslem-wêreld het o.a. hierin 'n rol gespeel. Die gebede van baie gelowiges is besig om geestelike vestings te vernietig (2 Korinthiërs 10:4) en die gevolg is dat baie vir die eerste keer die evangelie hoor en op ongekende wyse daarop reageer. **(3) Skrif:** God sê dat Sy Woord nie onverrigter sake na Hom sal terugkeer nie. (Jesaja 55:11). Dit is belangrik dat die Bybel vertaal sal word sodat mense dit kan lees, verstaan en glo. (Romeine 10:14). Meer Skrif is vertaal in die huistale van Moslems oor die afgelope drie dekades as in die hele 13 eeue vantevore! **(4) Die werking van die Heilige Gees:** Jesus het belowe dat die Heilige Gees die wêreld sal oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel. (Johannes 16:8 AOV). In elke Moslem-beweging na die Christendom toe het die Heilige Gees mense oortuig van hulle sonde en/of in hulle 'n diep begeerte geskep vir vrede en liefde. Drome, visioene, goddelike ontmoetings en beantwoorde gebede was kenmerke van Moslem-bewegings na Christus. **(5) Volhardende Christelike getuienis:** Vandag is Moslem-bewegings na Christus o.a. die resultaat van tienduisende Christene uit alle takke van die Christendom wat die evangelie met Moslems deel. Getuienisse van gelowiges uit 'n Moslem-agtergrond getuig hoe Christene die liefde van God en die evangelie van Jesus Christus met hulle gedeel het.

**Hoe kan ons bid?**

♥ Bid vir: (1) Vir meer geloof in die lewens van Christen-werkers en -sendelinge, (2) 'n vermeerdering van gebed in die lewens van gelowiges uit 'n Moslem-agtergrond en meer Christene oor die wêreld wat intree vir die verlossing van Moslems, (3) 'n vermeerdering in die beskikbaarheid en verspreiding van die Skrif, (4) dat die Heilige Gees met groot krag sal werk en (5) dat Christene sal voortgaan om getrou teenoor Moslems te getuig. ♥ Neem vandag tyd om God se raad te vra en jou te lei in jou gebede. ♥ Vra Hom wat jy persoonlik moet doen – hoe om betrokke te raak.

📣 **Proklameer!** God van ons Here Jesus Christus, ons verklaar dat ons nie deur die kwaad oorwin sal word nie, maar dat ons die kwaad deur die goeie sal oorwin. (Romeine 12:21).

---

Saterdag 11 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 24: Siriëse Vluchteling**

Die burgeroorlog in Sirië is reeds bykans 4 jaar aan die gang en daar is geen tekens van 'n einde in sig nie en ook nie van die lyding van meer as 11 miljoen ontwortelde Siriërs waarvan ongeveer 5 miljoen reeds uit die land gevlug het nie. Baie is haweloos, het geen inkomste nie en geen sekerheid oor wat voorlê nie. Terwyl mense bly soek na 'n veilige plek waar hulle die oorlog kan ontvlug, verskaf vennote van Tearfunds voedsel, huisvesting, klere, stowe en higiëniese middele. Oral oor die Midde-Ooste word miljoene mense a.g.v. die situasie in die land gedwing om hulle huise te verlaat en na veiligheid te vlug. Gebruik asseblief hierdie gebedsgids om vir hulle te bid. Vra kerke, kleingroepe of individue om aan te sluit by die letterlik tienduisende ander Christene wat vir Sirië en sy mense bid. Laai die gebedsgids af by: <http://tinyurl.com/nbjwmg>  
[www.tearfund.org/en/latest/syria](http://www.tearfund.org/en/latest/syria)

**Hoe kan ons bid?**

♥ Bid dat gelowiges in Jesus 'n liefdevolle getuie sal wees wanneer hulle hulle arms oophou vir die vluchteling. ♥ Bid dat Siriëse vluchteling bekragtig sal word met hoop en praktiese hulp om op te staan en hulle lewens te herbou. ♥ Vra vir 'n toename van kerke en vir kerkplantbewegings wat onder die Siriërs sal groei. ♥ Bid vir bedienings soos Tearfund wat help met die basiese behoeftes van die mense.

📣 **Proklameer!** Vader van genade, vandag kies ons om diegene wat ons vervolg te seën. (Romeine 12:14).

---

Sondag 12 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 25: Riglyne oor hoe om die Moslem-wêreld met die evangelie te bereik (deel twee)**

Die eerste vyf riglyne (kyk 11 Julie), was geen verrassing nie. Die volgende vyf is minder voorspelbaar. **(6) Leer by die Liggaam van Christus:** Vandag leer Christus se dissipels uit die baie nuwe voorbeelde van hoe om Moslems te bereik. Deurbrake in Indonesië het gelei tot nuwe bewegings in sub-Sahara Afrika; nuwe benaderings uit Suid-Asië produseer nuwe vrug in Sentraal-Asië. (Matteus 4:19). **(7) Kommunikasie:** Tegnologiese vordering in satelliet-televisie, radio, video en die Internet versprei die evangelieboodskap ver en wyd op maniere wat 'n dekade of twee gelede ondenkbaar was. Die manier van evangelieverkondiging is ook beter as wat dit deur die eeue heen was. Christene kontekstualiseer die evangelie en gebruik ook meer effektiewe metodes om te getuig. Dit help dat Moslems die boodskap van die evangelie kan hoor sonder dat hulle aandag afgelei word deur die kultuur van diegene wat dit verkondig. **(8) Ontdekking:** Oor die jare heen het Moslems geweier om te hoor dat hulle verlore is en Jesus nodig het om hulle van hulle sonde te verlos. Wanneer hulle dit egter self ontdek deur ontmoetings met die lewende Jesus, word hulle gedring deur dieselfde krag van die evangelie wat gelowiges oral aangryp. God gebruik drome, visioene, Bybelstudies en antwoorde op gebed om Homself aan Moslems te openbaar (Psalm 34:8). **(9) Islam**

**self:** Dit is 'n verrassing vir baie Christene, maar baie gelowiges uit 'n Moslem-agtergrond sê dat deur die Qur'an in hulle eie taal te lees, in plaas van in die onverstaanbare Arabiese taal, die manier was wat God gebruik het om aan hulle te openbaar dat hulle verlore is en 'n Verlosser nodig het. Met die lees van die Bybel het hulle tot dieper en voller kennis van die waarheid gekom. Moslem-teen-Moslem geweld blyk 'n hoofrede te wees wat Christus-volgelingen uit 'n Moslem-agtergrond aangee as 'n motivering waarom hulle na Jesus draai as die Prins van Vrede en die pad na verlossing. **(10) Verinnerliking:** Verinnerliking beteken "van binne af opgewek". Ten spyte van die feit dat Moslem-bewegings na Christus dikwels begin met iemand van buite hulle wêreld wat vir hulle die goeie nuus bring – skiet dit wortel en vermenigvuldig wanneer dit deel word van die daaglikse lewe van gelowiges uit Moslem-agtergrond en hulle dit self aan hulle eie mense in hulle eie kultuur en wêreldbeeld oordra.

### Hoe kan ons bid?

♥ Bid dat Christene die belangrikheid van hierdie verskillende maniere oor hoe om die evangelie aan Moslems te bring, sal erken. ♥ Bid vir die effektiwiteit van hierdie metodes en beginsels, maar ook vir nuwe maniere om dit te doen. ♥ Vra die Here hoe jy betrokke kan raak en hoe jy Moslems in jou eie gemeenskap kan bereik.

📣 **Proklameer!** Vader, ons verklaar dat ons al die krag van die vyand sal oorwin deur die bloed van die Lam en die woord van ons getuigenis en dat ons tot die dood toe nie ons lewens liefhet nie. (Openbaring 12:11).

---

Maandag 13 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

### Dag 26: Die Nag van Krag

Die herinnering aan die oorspronklike openbaring van die Qur'an aan die Profeet Mohammed is baie belangrik vir Moslems. Dit is die gebeurtenis wat herdenk word in die Nag van Krag, of Lailat Al Qadr – ook bekend as die Nag van Bestemming. Die verhaal van Mohammed se openbaring word aan Moslem-kindere regoor die wêreld vertel en dit is vir hulle 'n inspirasie, veral in die laaste 10 dae van Ramadaan (waartydens die Nag van Krag ook plaasvind). In die maand van Ramadaan in 610 CE, is Mohammed volgens oorlewering besoek deur die aartsengel Gabriël wat die eerste verse van die Qur'an aan hom geopenbaar het. Die Nag van Krag het in hierdie tyd plaasgevind, waarskynlik in die nag van die 26ste dag. Baie Moslems glo dat gebede wat gebid word in die Nag van Krag 'n duisend maal meer effektief is en dit is 'n nag waarop hulle 'n openbaring van God verwag.

### Hoe kan ons bid?

♥ Baie Moslems het drome of visioene van Jesus in die Nag van Krag ontvang. ♥ Kom ons pleit dat hulle Jesus as Here sal ontmoet. ♥ Bid vir geleenthede vir Moslems wat na openbarings en die waarheid soek, dat hulle Christene sal ontmoet wat hulle sal help om die openbaring wat ons van God deur Jesus het, te verstaan. ♥ Bid dat mense in die loop van hierdie nag 'n visioen of droom van die Lewende Jesus sal ontvang.



📣 **Proklameer!** Vader, ons verklaar: *Nou het ons God die redding gebring, nou is Sy mag en koningskap hier en die gesag van Sy Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uitgegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het. Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam en die boodskap waarvan hulle getuig het; en hulle het nie hulle lewens so lief gehad dat hulle onwillig was om vir Hom te sterwe nie.* (Openbaring 12:10-11).

---

Dinsdag 14 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 27: Geloof vir die bonatuurlike**

Siriese vlugteling het oor die grense van Jordanië gestroom na veiligheid. Groepe Siriërs het plaaslike kerke besoek en gesmeek dat vir hulle gebed word in die Naam van Jesus. Hulle ervaar Sy bo-natuurlike krag om gebed te beantwoord en hulle harte raak al hoe meer oop vir Hom.

**Hoe kan ons bid?**

♥ Prys die Here vir Christene wat Jesus se liefde aan die vlugteling bedien. ♥ Vra dat Jesus aan Siriese vlugteling sal verskyn en aan hulle Sy liefde en heerskappy sal toon. ♥ Bid ook dat Christene wêreldwyd hulle harte sal oopmaak vir die vlugteling en hulle monde sal oopmaak om die Goeie Nuus met hulle te deel. ♥ Bid vir vermeerdering van kerkplantbewegings en dat dit sal versprei onder die Siriese vlugteling.

📣 **Proklameer!** God ons Vader, ons verklaar oor Christene in elke nasie om lewende getuïenisse te wees vir ons God en dat alles wat hulle doen hulle in woord en daad sal doen in die Naam van die Here Jesus en God die Vader vir Hom sal dank. (Kolossense 3:17).

---

Woensdag 15 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 28: Struikelblokke in Bewegings**

Gedurende die afgelope 150 jaar het ons 82 Moslem-bewegings na Christus gesien. Sommige van die grootste struikelblokke wat Moslems moet oorkom, voordat hulle na Christus toe kan kom, word gevind binne die gemeenskap van Christene. Vyf struikelblokke is geïdentifiseer: **(1) Verdeeldheid onder Christene:** Met meer as 40 000 denominasies in die wêreld vandag is die Christendom onherstelbaar gefragmenteerd, maar dit beteken nie dat ons met mekaar moet veg nie. As ons die Moslem-wêreld vir Christus wil wen, moet ons op die evangelie fokus en nie op die magdom dinge wat ons van mekaar skei nie. **(2) Vrees en haat:** As ons as Christene bedreig voel deur Moslems, kan ons vrese maklik verander in woede en haat. Die bedreiging van Islam is nie verbeelding nie. Islam is 'n totalitêre ideologie wat konstant oor byna 14 eeue gegroei het en orals waar dit verskyn het, mense wat van hulle verskil het beveg en onderdruk. Maar Moslems is mense: mans en vrouens wat verlore is sonder 'n verlosser. Christus alleen bied die volmaakte liefde wat vrees verdryf.

(1 Johannes 4:18). Hierdie bevrydende liefde bekragtig ons om die Moslem-wêreld tot geloof in Hom te begelei. **(3) Nabootsing van Islam:** Islam het 'n 7de-eeuse kultuur verhef tot God se ideaal vir die

wêreld, sy geskryf verhef tot 'n staat van goddelikheid, 'n wettiese pad na die hemel afgedwing, afvalliges en selfs kritici gedreig met die doodstraf en grense oorgesteek met militêre mag. Soms het Christene dieselfde probeer, maar dit was nie die pad van Jesus nie en ook nie die pad wat Hy vir Sy volgelinge voorgeskryf het nie. As ons die Moslem-wêreld vir Christus wil wen, sal dit net wees deur die *kruisweg* van Jesus en nie deur die vernietigende metodes van Islam nie. **(4) Geïgnoreerde ongeregtigheid:** Soos wat die Arabiese magte die Christelike Bisantynse wêreld binnegeval het, het hulle 'n beskawing gevind wat die Christelike godsdiens aanvaar het, maar het baie ongeregtighede geïgnoreer soos bv. die instelling van slawerny. Islamitiese regsgeleerdes het die geleentheid aangegryp en verklaar dat geen Christen-meester toegelaat sal word om 'n Moslem-slaaf te besit nie. Dit het daartoe gelei dat duisende slawe hulle tot Islam bekeer het. Wanneer Christene sosiale ongeregtighede ignoreer, maak ons die deur vir Islam oop. **(5) Onkunde en apatie:** Meer as vyf eeue lank kon Christene in die Weste die probleem van Islam ignoreer en dit beskou as 'n probleem in die Midde Ooste en Noord Afrika. Op 11 September 2001 het alles verander toe Westerse onkunde en apatie tot op die grond vernietig is saam met die World Trade Center. Baie Christene probeer vandag terugtrek in hulle heiligdomme en voorstede. Hulle bly onkundig en apaties oor die groeiende realiteit van die Moslem-wêreld wat 'n deel van ons almal se wêreld geword het. As ons wil deel hê aan God se groot insameling van Moslems, moet ons ons onkunde en apatie afskud.

### Hoe kan ons bid?

♥ Bid dat verdeelde Christene sal ophou met hulle bakleiery onder mekaar en sal fokus om die liefde en vrede van Jesus na Moslems te bring. ♥ Bid dat Christene vrees en haat sal oorwin met liefde, vrymoedige getuienis en vergifnis sodat hulle kan deel hê aan die groot insameling van Moslems in Sy koninkryk. ♥ Vra vir die Here om jou te wys watter ongeregtighede nog onaangespreek is in ons samelewing sodat ons deel kan wees van die genesing van die wonde in ons gemeenskappe. ♥ Bid dat Christene bevry sal word van onkunde en apatie en dat Christene betrokke sal raak by die evangelisering van Moslems.

📣 **Proklameer!** God van alle vrede, ons proklameer U wysheid vir Christene in alle nie-Christen-lande en dat die vrede van Christus in hulle harte sal heers waartoe ons geroep is en altyd dankbaar sal wees. Ons bid dat die boodskap van Christus in sy volle rykdom in ons almal sal bly, dat ons mekaar met alle wysheid sal leer en onderrig. Mag ons met dankbaarheid gevul wees en psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. (Kolossense 3:15-16).

---

Donderdag 16 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

**Dag 29: Die Namumba van Ghana**

Abdallah woon in die tradisionele hoofstad van sy mensegroep, Bimbilla. Hierdie stad is geleë in die suid-oostelike hoek van die Noordelike Streek van Ghana. Hierdie streek is 'n Moslem gebied. As hy gevra word waarom hy 'n Christen geword het, vertel hy sy verhaal met 'n glimlag: "Omdat ek die lig gesien het! Ek het dit baie jare lank af en toe gesien: 'n onbeskryflike suiwer lig. Dit was anders as die ligte van towery en bose geeste wat ek vantevore gesien het! Een nag in 'n droom het ek

gesien hoe die lig oor my dogter begin skyn. Kort daarna het 'n pastoor van 'n buurstam na my huis gekom en my dogter na sy vrou se skool genooi. Na aanleiding van die droom het ek ingestem. In daardie stadium was ek ernstig siek. Eendag het 'n onderwyseres gelei gevoel om te bid vir die siek familieledede van haar leerders. Daardie oggend, terwyl ek op my mat gelê het, het ek skielik die lig gesien en ek het onmiddellik gesond geword. Toe my dogter my van die gebedstyd vertel, het ek geweet waar my genesing vandaan gekom het. Ek het begin kerk toe gaan en die pastoor het die evangelie aan my verduidelik. My dogter en ek het Jesus aangeneem as ons Here en Verlosser."

### Hoe kan ons bid?

♥ Bid dat die Here baie ander Nanumbas sal voorberei vir 'n ontmoeting met Christene. ♥ Vra dat die paar Christene in Bimbilla (hoofsaaklik werkers uit ander stamme) sal uitreik na die Nanumbas.

♥ Bid dat nuwe bekeerlinge soos Abdallah sal groei in geloof en vrymoedige getuies sal wees.

🔊 **Proklameer!** Vader God, as die uitverkore volk van God wat U baie liefhet, verklaar ons as Christene dat ons meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam sal wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. (Kolossense 3:12-14).

---

Vrydag 17 Julie 2015

**Ramadaan gebedsfokus: 18 Junie – 17 Julie 2015**

### Dag 30: Praktiese Stappe

Die Heilige Gees bring ontelbaar duisende Moslems tot 'n nuwe lewe in Jesus Christus. Deurbrake kom deur nuwe Skrifvertalings, satelliet- en Internet-media, meer gebed en uitreike en die kragtige werking van die Heilige Gees. Hier volg vyf stappe van hoe jy betrokke kan raak: **(1) Bid vir Moslems:** Op ons vraag het 'n gelowige uit Moslem-agtergrond gesê: "Ek glo dat die gebede van mense oor die wêreld opgestyg het na die hemel waar hulle saamgepak het soos groot monsoonwolke. En vandag reën dit af op my mense en sien ons wonderwerke van genade en verlossing." (Jakobus 5:16). **(2) Ondersteun uitreikbedieninge aan Moslems:** Vandag is daar baie effektiewe bedieninge aan Moslems, maar hulle het ons gebedsondersteuning nodig. Daar is niks kragtiger of effektiewer in die bereiking van Moslems nie. **(3) Gaan na Moslems toe:** Vra dat diegene wat deur hierdie 30 Dae Gebedsgids bid, die Here se roepstem sal hoor en daarop sal reageer: om die evangelie na Moslems wat nog nie gehoor het nie te neem, selfs in hulle werksplek. Tensy ons die struikelblokke van vrees en haat, onkunde en apatie oorbrug, sal ons aanhou om net toeskouers te wees in die Here se groot verlossingsverhaal wat vandag onder die Moslems afspeel. (Romeine 10:14). **(4) Bedien Moslems in jou eie gemeenskap:** Baie Moslems het na ander lande verhuis, dikwels omdat hulle óf die geweld van Islam probeer ontvlug het óf omdat hulle 'n beter toekoms vir hulle kinders soek. Dit skep geleenthede vir ons om Jesus se liefde aan hulle te bedien. **(5) Deel die evangelie met Moslems.** Ons dink met dankbaarheid aan die pionierswerk van sendelinge wie se lewens bygedra het tot groot hoeveelhede Moslems wat vandag Jesus-volgelingen word. Ons weet vandag van baie meer metodes

en daar is baie meer hulpmiddels beskikbaar om Moslems met die evangelie te bereik en daar is ook baie meer hulpmiddels beskikbaar waarmee dit gedoen kan word.

### Hoe kan ons bid?

♥ Bid vir Moslems in jou eie gemeenskap en oor die wêreld wanneer jy van hulle lees of oor die nuus van hulle hoor. ♥ Bid vir sendelinge en gelowiges uit 'n Moslem-agtergrond wat die boodskap diep in die Huis van Islam inneem. ♥ Bid dat die Here meer getuies teenoor Moslems sal opwek en vra die Here wat Hy wil hê jy moet doen om Moslems te bedien en jou geloof met hulle te deel.

📣 **Proklameer!** Here ons God, ons verklaar aan al die bewoners van die aarde: *Die hele aarde moet die Here vrees, al die bewoners van die wêreld moet vir Hom ontsag hê, want Hy het gepraat en dit was so, Hy het beveel en dit was daar.* Buig voor Hom alleen! (Psalm 33:8-9).